Tjokkies
PREPRIMÊRE SKOOL
UNIVERSITAS

Tjokkies Preprimêre Jaarverslag 2026

Vanjaar is die kleuterskool se 30ste bestaansjaar. Tradisioneel word ‘n 30 jaar herdenking, of drie dekades, deur pêrels verteenwoordig.

Net soos ‘n pêrel oor jare heen laag vir laag, binne-in ‘n skulp gevorm word, het ons oor die jare met tyd, geduld en liefde die kleuters wat aan ons toevertrou is, help vorm tot unieke individue.

Net soos ‘n pêrel, ontwikkel elke kind teen sy eie tempo en help ons hul om hul eie glans te vind.

So vorm elke Tjokkie pêrel sáám ‘n string van onskatbare waarde.

In hierdie 30 jaar het Tjokkies Preprimêr uitgebrei van 2 klasse en 15 kleuters tot 6 klasse en 172 kleuters in 2027. Die personeel het met ‘n skamele 2 juffrouens begin en staan aan die begin van volgende jaar op 20 personeel.

Op hierdie manier voed die Kleuterskool die Primêre Skool al vir 30 jaar.

Tjokkies Preprimêr bied jaarliks ‘n suksesvolle Gholfdag aan om ons fondse te versterk en die hoë standard van dit wat ons bied te kan handhaaf.

Ons poog deurentyd om ons terrein en geboue in ‘n baie goeie toestand te hou – vanjaar is die skool se dakke onder andere herstel en nuut geverf.

Veiligheid in alle opsigte is vir ons ‘n baie groot prioriteit en verdien deurlopende aandag en toekenning van fondse in dié verband.

Bo en behalwe ons konkrete werksbenadering, beskik Tjokkies ook oor Arbeidsterapie, Spraakterapie, Ondersteuningsonderrig, Klasmusiek én Kinderkinetika.

Ons bied ook ‘n platvorm aan jong, opkomende onderwysers deur onderwysstudente as assistente aan te stel, wat ook bydrae tot die suksesvolle funksionering van die skool.

Die Baby-Tjoklits Sportdag wat ons in samewerking met die Primêre Skool aanbied, het ‘n groot jaarlikse bemarkingsgeleentheid vir Tjokkies geword.

In totaliteit bied Tjokkies aan elke kleuter die geleentheid om te groei en ontwikkel tot ‘n kosbare pêrel in Jesus se kroon.

Mag Tjokkies vir nog 30 jaar die besondere Seën van ons Hemelse Vader ontvang.

Elsabé Claassen

Skoolhoof: Pre-primêr

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein
Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: 051 522 3628
Faks: 051 522 3628
E-pos: preprim@tjokkies.co.za
www.tjokkies.co.za